

Sing vooraf staande: Psalm 21:1, 4 (p. 94)

- 1 U maak, o HEER, die koning bly, / omdat u arm so sterk is, / sy heil deur u bewerk is.
Sy wens het hy van U verkry; / U het wat hy begeer. / geweier nóg geweer.
- 4 Hoe hoog is deur u hulp sy staat: / U 't majesteit en ere / op hom gelê, o HERE.
Sy seën ken geen tyd of maat; / en van u aangesig / straal vrolikheid en lig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 97:1, 3, 7 (p. 484)

- 1 God heers as hoogste HEER; / die aarde moet Hom eer,
en juig, saam met die strande / van afgeleë lande.
Daar's wolkedonkerheid / rondom sy majesteit;
sy rykstroon is gestig / op oordeel en gerig / en op geregtigheid.
- 3 Wanneer die onweersvuur / wat God het uitgestuur,
daarheen storm, smelt die trotse / gebergtes met hul rotse.
'n Ganse hemelveld, / van skok en skrik ontsteld,
het Gods geregtigheid, / sy eer en majesteit / aan alle volk gemeld.
- 7 Gods vriend'like aangesig / straal vrolikheid en lig
deur duisternis en smarte / vir alle opregte harte.
Regverdiges, wees bly! / En sing 'n lied daarby!
Verheug u in die Heer! / Lofsing sy Naam tot eer, / Hy's hoog en heilig, Hy!

Gebed

Psalm 145:6, 7, 8 (p. 697)

- 6 Al wat deur Hom die aansyn mag geniet, / is met 'n stroom van goedheid mild oorgiet.
Daarbuite juig, gehoor en ongehoor, / sy kreatuur – 'n ganse skeppingskoor!
- 7 Maar bo hul uit weerklank 'n ander prys: / Gods gunsvolk sing sy roem op klaarder wys,
dat elke volk kan hoor die groot gerug / van heerskappy wat wegdreun deur die lug.
- 8 U magdaad blink – 'n son aan die gewelf! / U koninkryk is ewig soos Uself.
Tog help U, HEER, wie hier voor onheil swig, / wie neerstort, word deur U weer opgerig.

Skriflesing: Psalm 145; Genesis 39:1-9; Heidelbergse Kategismus, Sondag 48

Kernvers: Psalm 145:10b-13

o HERE, u gunsgenote prys U. Kaf Hulle maak melding van die heerlijkheid van u koninkryk en spreek van u mag, Lamed om aan die mensekinders sy magtige dade bekend te maak en die glansryke heerlijkheid van sy koninkryk. Mem U koninkryk is 'n koninkryk van alle eeue, en u heerskappy duur deur al die geslagte. (Psalm 145:10b-13 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 123: Wat is die tweede bede?

Antwoord: Laat u koninkryk kom. Dit is: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp (a). Bewaar u kerk en laat dit groei (b). Vernietig die werke van die duiwel, elke mag wat teen U opstaan, en alle kwaadwillige planne wat

teen u heilige Woord bedink word (c), totdat die volkomenheid van u ryk kom (d), waarin U alles in almal sal wees (e).

(a) Ps 143:10; 119:5; Matt 6:33. (b) Ps 51:20; 122:6. (c) 1 Joh 3:8; Rom 16:20. (d) Open 22:20; Rom 8:22, 23. (e) 1 Kor 15:58.

Tema: Besing die koningsheerskappy van God met jou lewe

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, konings en koninkryke is vir ons in die een en twintigste eeu grootliks dinge wat behoort tot 'n wêreld wat lankal verby is. Vir baie mense is dit nog net in sprokiesverhale waar konings en koninkryke bestaan. Ons is al so vol van die idee van demokrasie gepomp dat ons alles op 'n demokratiese wyse gedoen wil hê. Vir baie jare is daar gestry om ons land 'n volwaardige demokratiese land te maak. Diegene onder ons wat twintig jaar en jonger is weet nie van 'n ander manier van regering as 'n demokratiese regering nie.

Demokrasie is nie noodwendig sleg nie, maar om hierdie idee van demokrasie op alles toe te wil pas, veroorsaak vir ons probleme. Vol van demokrasie wil alle mense nou orals waar hulle betrokke is 'n inspraak hê, anders is dit nie vir hulle 'n wettige verloop van sake nie. Huisgesinne moet demokraties bestuur word sodat elkeen in die gesin sy sin kan kry en gelukkig kan wees.

Ja, daar is sekerlik sake wat in 'n gesin op 'n sogenaamde demokratiese wyse gedoen kan word, soos om te besluit waarheen gaan 'n gesin met vakansie. Maar daar is ook sake wat nie demokraties hanteer kan word in 'n huisgesin nie. Christen-ouers kan mos nie die godsdienstige oortuigings in die huisgesin aan die demokratiese grille en giere van elkeen in die huisgesin oorlaat nie. Voor die Here het dié ouers 'n verantwoordelikheid om leiding te neem en die kinders te onderrig in die vrees van die Here. So 'n manier van doen is nie om jou siening op jou kinders af te druk, soos wat sommige mense dit sien nie. So 'n manier van doen is die gehoorsaamheid van die ouers wat buig voor die gesag van die enigste lewende God, want Hy is Koning.

Dieselfde geld ook vir die kerk van die Here. Die kerk is nie menslike organisasie wat op demokratiese beginsels bestuur word nie. Die kerk is die eiendom van die Here. Hy alleen het 'n sê hoe dinge in die kerk gedoen word. Daarom is die raad van ouderlinge nie 'n kabinet wat die lidmate verteenwoordig om hulle stem in 'n kerkraadsvergadering laat hoor nie. In 'n kerkraadsvergadering luister die ouderlinge na die stem van die Here Jesus, want Hy is die Hoof van sy kerk. En wat op die kerkraadsvergadering besluit word, moet in ooreenstemming wees met die wil van die Koning van die kerk – Jesus Christus.

Broers, susters en kinders, wanneer Jesus ons leer bid: **Laat u koninkryk kom**, gee Hy nie 'n verduideliking van hierdie begrip nie. Selfs toe Hy sy openbare optrede as Verlosser op aarde begin het, het Hy net gesê:

Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie. (Markus 1:15 AFR53)

Die Jode wat Jesus gehoor preek het, moes dus geweet het wat Hy bedoel met die *koninkryk van God*. Vir ons vir wie konings en koninkryke goed van 'n tyd lank, lank gelede is, is dit nodig om in die lig van die openbaringsgeskiedenis na die begrip *koninkryk van God* te gaan kyk.

Met die skepping was die koninkryk van God op aarde gevestig. Almal het toe spontaan die wil van God as Koning gedoen. Alles en almal (Adam en Eva) het hulle aan die begin van die skepping aan God se koningsheerskappy onderwerp. Toe het al God se werke Hom regtig geloof.

Met die sondeval het Satan die mens kom verlei tot opstand teen God. Voor die sondeval op die aarde het die Satan al in die hemel in opstand gekom teen God. Hy wou hom nie meer aan God se koningsheerskappy onderwerp nie. Hy wou self koning wees. Omdat hy God nie van sy troon kon verdring nie en hy saam met die ander bese engele uit die hemel verban is, het hy homself daarop toegespits om die kroon van God se skepping tot opstand teen God te verlei.

Van die sondeval af het die mens nie meer die wil van God spontaan gedoen nie maar begin om die wil van God as Koning te verwerp en in die plek daarvan sy eie sondige wil te doen. Hoewel God ondanks die sonde nog alles regeer en laat verloop soos Hy wil, is sy koninkryk op aarde gruwelik geskend omdat die mens hom nie aan God se regering wil onderwerp nie. Slegs in die hemel het sy koninkryk suiwer en onbelemmerd bly voortbestaan. Die uitdrukking die koninkryk van die hemel dui onder andere aan dat daar in die hemel volmaak volgens die wil van God as Koning gehandel word.

God laat egter nie toe dat sy koningskap sommer net so ontken word nie. Hy is immers God. Daarom het Hy in sy groot genade belowe om die mense te verlos van hulle sonde sodat hulle uiteindelik 'n koninkryk van priesters kan wees wat weer van harte en gewillig na sy koninklike wil sal luister soos wat daar in die hemel na Hom as Koning geluister word.

Hierdie belofte van God het in vervulling gegaan met die koms van sy Seun Jesus Christus. Sy koms en optrede op aarde is deur Johannes die Doper aangekondig met die woorde:

Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.
(Matteus 3:2 AFR53)

Tydens sy omwandeling op aarde het Jesus die stryd teen Satan, teen die sonde en die gevolge van die sonde aangeknoop. Hy oorwin Satan tydens die versoekings in die woestyn. Hy dryf duiwels uit duiwelbesetenes. Hy maak siekes gesond en wek dooies op. Hy kondig selfs aan dat Hy die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val het (Luk 10:18).

Uiteindelik het Christus deur sy kruisdood en opstanding uit die dood versoening vir ons sondes gedoen en die mag van Satan en die sonde verbreek. Op Pinksterdag stort Hy sy Heilige Gees uit wat sy verlossingswerk die eiendom van die gelowiges maak. Deur sy Gees maak Hy sy volk ook gewillig en bereid om die wil van God as Koning te doen. Hy vestig sy kerk en stuur sy apostels uit om almal op te roep om hulle aan die wil van God as Koning te onderwerp. So is die koninkryk van God op 'n besondere wyse op aarde hervestig.

Maar die koninkryk van God is nog nie so gevestig dat die sonde heeltemal weggeneem en Satan niks meer kan doen nie. Die mense wat deur Christus verlos is en Hom dien, leef nog in 'n sondige wêreld en in hulleself is daar nog 'n sondige geaardheid. Maar midde in die sondige wêreld moet die gelowiges toon dat hulle burgers van God se koninkryk is wat hulle gewillig aan sy wil onderwerp. Eers met die wederkoms van Christus sal alle gesindhede en magte wat teen God as Koning in verset is, finaal uit die weg geruim en veroordeel word. Dan sal God alles wees in almal.

Daarom sê ons agter Jesus aan dat die koninkryk van God gekom het. Die koninkryk van God het gekom in die lewe van elke mens wat deur Christus verlos is en homself aan die heerskappy van die Heilige Gees en die gesag van God se Woord onderwerp.

Maar omdat elke gelowige nog 'n sondaar is en hom nie altyd voluit aan God se koningskap onderwerp nie, bid ons agter Jesus aan: **Ons Vader wat in die hemel is, laat u koninkryk kom.** Die koninkryk van God sal eers met die wederkoms van Christus finaal en volkome kom. Maar totdat die volkomeheid van God se ryk op aarde gevestig is, lewe gelowiges in 'n tyd waarin hulle hard stry teen die magte wat die koningskap van God wil misken, ontken of selfs probeer vernietig. In hierdie tyd moet gelowiges hulle allereers beywer vir die koninkryk van God en sy geregtigheid (Matt 6:33). In hierdie tyd moet gelowiges ook uitvoering gee aan die opdrag (die imperatief) wat voortvloei uit die feit (indikatief) wat ons in die tweede bede bely.

Wat is die feit, of die indikatief, wat ons in die tweede bede bely? Dit is dat God Koning is en dit is Hy wat sy koninkryk laat kom. Daarom bid ons agter Jesus aan: **Laat u koninkryk kom.** Hierdie feit dat God Koning is en sy koninkryk laat kom, plaas 'n roeping op ons gelowiges – ons het 'n opdrag.

Vir Dawid was daar geen twyfel oor die grootheid van God nie. Al was Dawid in die tyd waarin hy gelewe het die grootste koning en al het hy soveel grondgebied en mense onder sy gesag gehad, het hy geweet dat hy maar net 'n stofdeeltjie in die ganse skepping van die God is. God self is die eintlike Koning. En die ganse skepping is God se gebied waaroor Hy sy koningskap uitoefen. Al die werke van die Here besing die magtige dade van God se koningskap.

Om te weet hoe die ganse skepping die koningskap van God besing, moet 'n mens na sommige van die ander psalms toe blaai. Luister hoe staan dit in Psalm 8:

o HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde! U wat u majesteit gelê het op die hemele. (Psalm 8:2 AFR53)

Luister ook na Psalm 19:

Die hemele vertel die eer van God, en die uitpansel verkondig die werk van sy hande. Die een dag stort vir die ander 'n boodskap uit, en die een nag kondig vir die ander kennis aan: daar is geen spraak en daar is geen woorde nie—onhoorbaar is hulle stem. Hulle meetsnoer gaan uit oor die hele aarde, en hulle woorde tot by die einde van die wêreld. Vir die son het Hy daarin 'n tent gemaak; en dié is soos 'n bruidegom wat uitgaan uit sy slaapkamer; hy is bly soos 'n held om die pad te loop. Sy uitgang is van die einde van die hemel af, en sy omloop tot by die eindes daarvan, en niks is verborge vir sy hitte nie.
(Psalm 19:2-7 AFR53)

Die son, maan en sterre besing die koningskap van God deurdat hulle presies doen waarvoor die Here hulle geskep het. Deurdat die son bedags sy strale oor die aarde gee en die maan en sterre snags blink, verkondig die hemelliggame die majesteit en koningskap van God. Maar dit is nie net die hemelliggame wat dit doen nie. Selfs die see wat so groot en magtig is, gehoorsaam die stem van God. Die Here het die waters soos op 'n hoop bymekaar gemaak (Ps 33:7). Die see kan nie sy grense oorskry nie tensy die Here aan die see die bevel gee om dit te doen. Selfs die diere erken God se majesteit en koningskap.

Die jong leeus brul om roof en begeer hulle voedsel van God.
(Psalm 104:21 AFR53)

As die diere en die hemelliggame in wie daar geen siel is nie, die koningskap van God so besing, hoe sal die mens aan wie die Here verstand en insig skenk dan kan stilbly oor die koningskap van God? Weens die sondige aard in die mens wil alle mense nie die koning-

skap van God erken en besing nie. Maar selfs hierdie opstandige houding van die mens keer God nie om mense se monde oop te maak nie. Die Heilige Gees dring in tot in die diepste wese van die uitverkorenes in – of soos hulle hier genoem word *die gunsgenote van die Here* – en Hy skenk aan hulle wedergeboorte en geloof en bekering. Hulle oë gaan dan oop soos Dawid se oë oopgegaan het om raak te sien dat God eintlik die Koning is.

Deur die wonderdaad van wedergeboorte gaan 'n mens se oë oop om te sien dat jy nooit self baas van jou eie lewe is nie. Inderwaarheid was jy slaaf van Satan en die sonde wat jou alleen maar net gebruik het om sy opstand teen God voort te sit. Met wedergeboorte gaan 'n mens se oë oop om te sien hoe 'n Koning God werklik is. In sy Seun betoon Hy Homself as die genadige en barmhartige Koning – die Koning wat soveel omgee vir sy onderdane dat Hy hulle verlos deur die straf op die sonde op sy Seun te laat afkom. Hy is die Koning wat sy onderdane nie as goed gebruik nie maar sy onderdane as kinders laat deel kry aan die heerlijkheid en vreugde van sy regering as Koning. Omdat God as Koning dit met sy gunsgenote doen, kan en wil hulle nie anders as om te doen waarvan Dawid in hierdie psalm sing nie.

Kyk net wat doen die gunsgenote van die Here. Omdat hulle Hom erken as Koning maak hulle melding van die heerlijkheid van sy koninkryk en spreek van sy mag om aan die mensekinders sy magtige daade bekend te maak en die glansryke heerlijkheid van sy koninkryk (Ps 145:11-12). Ons kom uit vers 11 en 12 agter dat, in teenstelling met die populêre siening dat gelowiges die koninkryk van God op die aarde moet vestig, hulle alleen maar melding maak van sy koninkryk en die glansryke heerlijkheid van sy koninkryk bekend maak. God vestig self sy koninkryk. Hy doen dit, soos ons reeds genoem het, deur die Heilige Gees wat die wedergeboorte in mense bewerkstellig sodat hulle in Jesus Christus glo en God gehoorsaam. Die gelowiges of die gunsgenote van die Here vertel van en maak die koninkryk van God net bekend.

Nou is dit egter een ding om van God se koninkryk te vertel en dit is 'n ander ding om die koningskap van God met jou hele lewe te besing. Ons moet sommer nou eers vir mekaar sê dat 'n loflied waarin die koningskap van God besing word nie altyd 'n lied is wat in aangename omstandighede gesing word nie. Maar dit is 'n lied vol vreugde oor die koningskap van God. En om te sien hoe besing 'n mens die koningskap van God met jou hele lewe, lei die Heilige Gees ons na Genesis 39 – na die geskiedenis van God met Josef toe hy in Egipte aangekom het.

Ons weet dat daar 'n hele klomp faktore 'n rol gespeel het wat gelei het tot Josef se koms na Egipte en sy slawerny daar – Jakob wat sy tweede jongste seun voorgetrek het, Josef wat sy drome wat die Here hom gegee het graag vertel het, Josef se tien ouer broers wat haatlik teenoor hom geword het. Ondanks hierdie verkeerde en sondige dinge wat gedoen en gesê is deur almal in die huis van Jakob, het die Here Hom steeds aan Josef bekend gemaak as God en Koning.

Omdat Josef die Here se koningskap oor sy lewe erken het, het hy dit ook belydend geleef as slaaf in die huis van Potifar. Hy het sy slawewerk gedoen asof hy dit vir die Here doen. Daarom was hy gehoorsaam aan sy baas en het hy al sy opdragte na die beste van sy vermoë uitgevoer. Vanweë die feit dat God Koning is oor en in sy lewe het hy ook vriendelik en eerbiedig gebly teenoor sy baas. Dit is hierdie manier van lewe en waarskynlik ook die antwoorde wat Josef op moontlike vrae van Potifar gegee het dat Potifar gesien het dat die Here met Josef is en dat Hy alles wat Josef doen voorspoedig maak.

Kyk net hoe laat die Here as Koning sy onderdaan dan as kind deel in die heerlijkheid van sy koninkryk. Josef het guns gevind in Potifar se oë en Potifar het hom oor sy hele

huishouding aangestel. En omdat Josef die koningskap van God in sy lewe erken het en dit belydend geleef het, het ook Potifar in sy besittings die seën van die Here ontvang. Wanneer 'n gelowige die Here se koningskap oor hom erken en dit met sy hele lewe besing, begin die omgewing waarin die gelowige is ook onder die hand van die Here verander.

Onthou, Satan het nie van die toneel verdwyn nie. Hy bly hom daarop toespits om God se koningskap te minag. Josef is dan vir hom die ideale teiken om nog 'n stuk van God se koninkryk te probeer afbreek. Josef is alleen en ver sy eie mense af, maar deur die Heilige Gees het hy geweet sy God is Koning orals – ook in Egipte. As die aanslag dan kom deur middel van die seksuele verleidings van Potifar se vrou, bly Josef erken dat God ook Koning is oor sy liggaam. Indien hy aan hierdie vrou se verleidings gaan toegee, gaan hy God se koningskap ontken en so teen die Here sondig.

Hierdie keer het Josef se lied waarin hy God se koningskap besing het met sy lewe sy omstandighede eerder laat versleg. Potifar glo sy vrou en laat vir Josef vang en in die tronk gooi. Ons erkenning van God se koningskap sal nie altyd die lewe vir ons hier op aarde gemaklik maak nie. Maar dan, dit gaan nie oor ons nie; ons is slegs onderdane van die grote Koning. Ons roeping is om sy koningskap en sy koninkryk bekend te maak. Die Here sal vir ons omstandighede sorg; daarvoor hoef ons nie bekommerd te wees nie. En inderdaad het die Here weer vir Josef se omstandighede gesorg. Josef se volharding om die Here se koningskap met sy hele lewe te besing, het daartoe gelei dat die Here ook sy omstandighede in die tronk aangenamer gemaak het, want die Here het sy seën ook daar oor die mense rondom Josef gebied.

Die moedswillige wêreldling sal ons onder aanhitsing van Satan wil wysmaak dat hierdie geskiedenis van Josef idealisties is, daarom kan dit nie vandag meer werk nie. Die Heilige Gees lei ons daarom terug na Psalm 145 en wys ons op vers 13:

U koninkryk is 'n koninkryk van alle eeue, en u heerskappy duur deur al die geslagte. (Psalm 145:13 AFR53)

Wat God gedoen het in sy geskiedenis met Josef kan Hy vandag steeds doen. Sy koningskap en mag en heerlijkheid is vandag dieselfde as wat dit in die tyd van Josef was. Of ek en jy dit glo, gaan daarvan afhang of ons Jesus Christus gehoorsaam wanneer Hy ons beveel om God as ons Vader in die gebed aan te roep. Indien ons van harte glo dat God ter wille van Christus werklik ons Vader in die hemel is, sal ons ook glo dat Hy steeds Koning is soos destyds en ons roeping dieselfde is as Josef s'n – ons moet God se koningsheerskappy met ons hele lewe besing.

Wie weet wat die Here dan gaan beskik in ons eie lewens en in die omgewing waar ons woon? Wie dus glo dat God steeds ter wille van Christus ons Vader is en dat Hy steeds die ewige Koning is, sal aanhoudend bid: Ons Vader wat in die hemel is, regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons hoe langer hoe meer ons aan u goeie koningsregering kan onderwerp sodat almal sal weet dat u heerskappy deur al die geslagte duur.

Amen!

Slotgebed

Psalm 45:1, 2, 9, 10 (p. 230)

- 1 My hart, ontroer deur mymering, / sal lieflik van 'n Koning sing.
My tong, deur digvuur aangedryf, / is soos 'n pen wat vaardig skryf.

- 2 U 's skoon! Geen skoon wat daarby haal. / Bevalligheid van trek en taal
is oor u lippe uitgestort – / U wat deur God geseën word.
- 9 O dogter, wat die bruidsroep hoor, / o skoonste, luister, neig jou oor!
Vergeet jou volk, jou eie vlees, / dat jy die Koningsbruid kan wees.
- 10 Gee dan die Koning, groot van mag, / op jou en op jou skoonheid ag,
o weier nie: buig voor Hom neer; / Hy is jou Koning en jou HEER.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap
van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
1 Maart 2015